
# VLAMME IN DIE KALAHARI

## Nr. 2



Meiring Fouche

RYK SCHOONRAAD REEKS

# VLAMME IN DIE KALAHARI

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2021

# Vlamme in die Kalahari

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die eerste uitgawe.
Hierdie e-boek is die tweede uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word, sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

VLAMME IN DIE KALAHARI
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-52-0

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2021)
Geredigeer deur Pieter Haasbroek
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: http://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Helm du Plessis, ’n vooraanstaande grensboer van die Noordwestelike Provinsie, is met honderde osse op pad na die Kimberley se mark. Hy word egter koelbloedig vermoor deur blanke veediewe. Sy dogter Ansie en Ryk Schoonraad agtervolg hulle met die doel om wraak te neem. Die twee ondergaan verskriklike folteringe toe die boewe daarin slaag om hulle op ’n paar geleenthede in die hande te kry...

## UITTREKSEL

Daardie skop op die maag het Ryk Schoonraad egter geen goed gedoen nie. Hy voel flou en lam. Dit lyk asof hy nie beheer het oor sy spiere nie. Daarom dat Jurie sy arm stadig maar seker terug buig en half omlaag, sodat die pistool onverbiddelik nader skuif na die posisie van waaruit hy kan vuur op die gesig van sy teenstander. Ryk beur so wat hy kan, maar vergeefs.

“Ek gaan jou kry... Nou gaan ek jou kry,” beloof Jurie Vermaas en met ’n gevoel van ontsteltenis besef Ryk Schoonraad dat die rampokker hierdie keer die waarheid praat. Hy probeer die rampokker se arm weg beur. Hy probeer sy liggaam swaai, maar Jurie is so rats dat dit niks doen aan sy poging om die pistool gemik te kry nie. Met ’n donker beklemming voel die lang man hoe dat sy lot stadig maar seker verseël word hier agter die Wag-’n-bietjie in die spruit.

Daardie skop in die maag het ook sy asemhaling belemmer. Dit laat hom nog moeër voel. Nog kragteloser. Dit is asof hy selfs belangstelling verloor in die geveg. Hy kry die gevoel asof hy nou maar alles vir die wind moet gooi en oorgee. Dit is die gevolg van onuitspreeklike uitputting. Jurie Vermaas moet die pistool nog omtrent ’n duim terug worstel voordat hy dit op die gesig van Ryk Schoonraad kan rig.

# INHOUD

**Hoofstuk**

1. Gemaskerde Ruiters

2. “Nou soek jy jou Dood”

3. Hinderlaag

4. Kos vir die Leeus

5. Ansie

6. Wedren van die Dood

7. Vlammende Hel

8. Verlore!

9. In die Leeukuil

10. Die Gifpyl wag

11. Geflous

12. Die Boogsnaar Span

# VLAMME IN DIE KALAHARI

## Hoofstuk 1
## Gemaskerde Ruiters

Helm du Plessis, ’n vooraanstaande grensboer van die Noordwestelike Provinsie sit rustig in die saal en kyk kalm en dankbaar na sy groot beestrop wat in die vaalbosleegte af strek. Hierdie beestrop verteenwoordig baie dae, baie weke en baie jare se geduldige werk en oppassendheid. Helm du Plessis het lank en in moeilike omstandighede geboer om hierdie trop wat hy nou na die mark van Kimberley dryf, bymekaar te maak. Dis pragtige osse hierdie. Groot en uitgevreet. Seshonderd van hulle. As hy nou vyftien of twintig pond stuk vir hulle kry, is dit ’n hele hoop geld.

Helm is in die middel agter die trop. Op die flanke word hulle aangeroer deur sy twee volk, Windvoël en Danster. Hy draai in die saal en kyk terug na waar die wit tent van die veerwa op die horison aangewikkel kom. Dit verheug sy hart toe hy die wit tent sien. Die veerwa word gedryf deur sy vrolike en moedige dogter, Ansie. Ansie is sy oogappel en hy is verskriklik geheg aan haar vandat hy sy vrou twee jaar gelede verloor het. Die kind was bereid om in die wildernis by hom te bly en vir hom te sorg. Hy is vas van plan om, nadat hulle van Kimberley af teruggekeer het, vir hulle ’n netjiese huis te bou, vir Ansie ’n paar mooi rokke te koop en ook ’n paar geriewe aan te skaf, wat die lewe vir die kind interessanter sal maak. Die vaalbosleegte is hier besig om stadig te vernou totdat dit byna ’n spruit word waar dit kort vorentoe tussen twee

hoë rotskoppe deur strek na ’n groot vallei waarin die voorgrensdorpie, Kameeldraai, geleë is. Helm is van plan om vanaand te trek tot by Kameeldraai en daar te oornag. Hy wil sy osse nie te vinnig dryf nie, want hy wil graag hê dat hulle in goeie kondisie op Kimberley moet aankom. Dit is toe hy opkyk na die poort tussen die twee rotskoppe deur dat Helm, ’n groot fris kêrel, sy vilthoed dieper oor sy oë trek en frons. Hy trek sy perd dadelik in, hou stil en tuur aandagtig voor hom uit. Iets moes die osse laat skrik het. Op die voorpunt slaan ’n stofdamp op en die voorste diere word nie alleen gestuit nie, maar begin omdraai en bondel.

Dit is snaaks, dink Helm. Wat sou dan die diere laat skrik het? Hy twyfel of dit ’n leeu is, want hierlangs is die leeus al goed uitgeskiet.

Helm kry ’n eienaardige gewaarwording toe hy ver aan die punt van sy beeste twee ruiters deur die vaalbos sien glip. Nou verstaan hy wat aan die gang is. Sy beeste word deur daardie ruiters voorgekeer en skuins terug gedryf.

Hy wil net sy perd met die hakke stoot om nader te jaag en te gaan kyk wie so vrypostig is, toe hy hier links van hom nog twee ruiters aangery sien kom.

Helm trek dadelik weg en ry die twee ruiters tegemoet wat hier met die leegte op gery kom. Hulle ry op ’n stywe galop. Blykbaar het hulle hom ook gewaar, want hulle galop reguit op hom af.

Helm kyk weer na die voorpunt van sy beestrop en hy kan die ding glad nie kleinkry nie. Die voorste beeste word met mening omgekeer en skuins terug gedryf. byna uit die rigting waaruit hulle nou kom.

“Nou wat die josie is nou aan die gang,” vra Helm hardop. Die twee vreemdelinge wat met die leegte opgery gekom het, kom hou hier by hom stil en Helm word hom van iets bewus wat hy tot nou toe nie raakgesien het nie.
Die gesigte van die twee manne is nie sigbaar nie. Net die boonste dele van hul neuse en hul oë is sigbaar. Die onderste dele van hulle gesigte word bedek deur twee swart doeke wat daaroor gebind is.
Hulle ry twee groot sterk perde, uitgevreet en blink van vel. Hulle sit in groot militêre saals. Weerskante van elke saal is ’n geweer in geweerskede gesteek. Om hul middellywe het elkeen ’n bandolier waaraan ’n pistool hang.
Nog voordat Helm kan vra wat hier aan die gang is, dat sy beeste voorgekeer word, praat die een vreemdeling. Hy is ’n lang, slanke man, maar sterk gebou en met twee blink oë wat lewe en loer oor die kant van die swart doek. Hy het kamaste aan en hy slaan heeltemal ’n deftige figuur daar waar hy in die saal sit.
“Is hierdie jou beeste, ou kêrel?” vra die vreemdeling. En toe hy praat verras sy uitspraak Helm. Hy praat nie soos ’n Afrikanerboer nie. Daar is iets vreemds en onbekends aan sy uitspraak wat hom dadelik bestempel as ’n uitlander.
“Ja, hierdie is my beeste,” antwoord die boer, “en ek sal graag wil weet wat nou eintlik hier aan die gang is. Ek is besig om hulle na die mark op Kimberley te dryf en nou sien ek dat ’n paar skobbejakke besig is om hulle voor te keer. Is dit van jou mense, ou Neef, of wie is dit wat hier voor met my beeste staan en peuter?”

Die lang man lag gemaklik.
“Ja, dit is my mense,” sê hy. “Ek het gekom om met jou besigheid te praat, ou kêrel. Hoe voer jy die van?”
“Ek is Helm du Plessis van Kameelplaas verder na agtertoe,” antwoord die boer. Hy leun oor na die metgesel van die vreemdeling. Dié is ’n korterige donker man en Helm verbeel hom dat hy die man al by geleentheid gesien het, maar hy kan nie dink waar nie.
“O, jy wil besigheid praat,” sê Helm. “As jy besigheid wil praat het jy nog nie die reg om my beeste voor te keer nie.”
“Moenie dat ons opgewonde raak nie, ou kêrel,” sê die man agter die masker. “Soos ek sê, ek wil met jou besigheid praat.”
“Voordat ek met jou besigheid praat,” antwoord Helm, “sal ek graag wil weet waarom ek moet besigheid gesels met ’n man wat agter ’n masker skuil. Voordat ek met jou besigheid praat, ou neef, sal ek wil weet wie jy is. Waar jy vandaan kom.”
“Dit is op die oomblik nie ter sake nie,” sê die lang man. “Al wat van belang is, is dat ek hierdie trop beeste van jou wil koop. Hoeveel is hulle?”
“Op die kop seshonderd osse,” antwoord Helm. “Goeie diere soos jy wel kan sien. Groot en spekvet. Dit het my baie jare geneem om hierdie kudde op te bou.”
“Nou goed,” sê die vreemdeling, “seshonderd osse sê jy. Ek sal hulle by jou koop teen vyf pond stuk.”
Helm du Plessis vat die teuels op die saalknop vas. Sy oë lag onder die breërandhoed.

"Vyf pond stuk," sê hy. "Dink jy jy het met 'n kind te doen? Vyf pond stuk vir hierdie osse? Is jy dan jou bontvarkies kwyt, ou kêrel? Dink jy ek sal osse grootmaak vir vyf pond stuk? Dit is nie tollies hierdie nie. Dit is groot uitgegroeide osse. Hulle loop nie en slinger van maerte nie. Hulle is uitgevreet."

"Vyf pond en niks meer nie."

"In daardie geval," sê Helm, "kan jy na jou peetjie gaan. Ek sal vir hulle op Kimberley enigiets vanaf vyftien tot twintig pond stuk kry. Moenie dink ek is 'n skaapkop en dat hierdie 'n bankrotboedel is nie hoor!

En nou sal ek bly wees, ou vriend, as jy daardie drywers dadelik gaan aansê om my osse te los. Ek wil vanaand nog deurtrek tot op Kameeldraai."

Helm wou sy perd net omdraai toe die vreemdeling weer praat.

"Jy het blykbaar nie mooi na my geluister nie. Ek het jou vyf pond stuk vir jou osse aangebied. Dit is drieduisend pond. Dit is 'n groot som geld, nie waar nie."

"Ek stel nie belang in jou aanbod nie," antwoord Helm bars. Hy begin kriewelrig voel oor hierdie twee manne wat met hom praat en wat agter maskers sit en skuil. Hy loer af na die kolf van sy geweer.

"As jy jou verbeel dat ek jare se werk vir 'n appel en 'n ei sal opgee, dan maak jy 'n baie groot fout, ou nefie," sê hy beslis. "Jy moet maar op 'n ander plek gaan soek na osse wat jy vir vyf pond kan koop. Jy sal hulle nie by Helm du Plessis koop nie. En nou, soos ek sê, laat jou manne padgee daar voor die osse. Jy is taamlik vermetel om die osse te laat voorkeer nog voordat jy besigheid gepraat het.

Wat verbeel jy jou wie is jy eintlik? Om die waarheid te sê, ek hou net niks van jou optrede nie. En as jy nou nie maak dat jy wegkom nie kan dit wees dat die vonke waai.”
Die korterige blas man leun vooroor in die saal.
“Jy praat groot nê, Du Plessis,” sê hy. “As ek jou raad verskuldig is, dan moet jy die drieduisend pond vat vir hierdie osse want anders...”
“Anders wat?” vra Helm uitdagend.
“Anders vat ek hulle net,” sê die lang vreemdeling rustig.
“Vat,” vra Helm en die frons keep diep tussen sy oë. “My osse vat? Maar jy is van jou sinne beroof. In hierdie wêreld kan ’n man nie sommer goed vat nie.”
“Dit is wat ek sê, Du Plessis,” sê die man met die vreemde uitspraak. “As jy hulle nie wil verkoop teen vyf pond stuk nie, dan vat ek hulle eenvoudig.”
“Nou vat laat ek sien,” sê Helm dreigend. “Jou nerwe sal waai voordat jy jou pote aan my osse sal sit. Daarvan kan jy baie seker wees.”
Die twee ruiters kyk na mekaar en in hulle oë sien Helm iets waarvan hy nie hou nie.
“Vir die laaste maal, Du Plessis,” sê die kort blas man wat met ’n Afrikaanse aksent praat, “vat die drieduisend pond of jy verloor jou osse. Ons het die geld hier in die saalsakke. Ons wil jou osse hê.”
“Maar julle gaan hulle nie kry nie,” antwoord Helm vasberade. “Ek het vir julle niks meer te sê nie. Hierdie is my osse en ek sal besluit aan wie ek hulle verkoop en vir hoeveel. Soos ek vantevore gesê het, is hierdie nie ’n bankrotboedel nie. Dit is al, menere, goeie dag en goeie weg vir julle.”

Hy gee sy perd spore en toe hy die dier omruk, kyk hy waar Windvoël en Danster beweeg. Die twee volk wat blykbaar ook onraad gemerk het, is besig om nader te kom.

Helm se perd is nog skaars op ’n galop toe die pistoolskoot hom tussen die skouers tref. Hy sien die vaalbosse voor hom kantel. Daar in die sonlig word dit donker voor hom en met ’n sagte kreun gly hy uit die saal. Toe hy die grond tref aan die pote van sy perd is die voorgrensboer reeds dood. Die skoot van die vreemdeling het hom dwarsdeur die hart getref.

Danster en Windvoël sien hom val en dit laat hulle vinniger nader jaag. Ook die twee volk sterf in hul saals.

Die twee mans ruk hul perde vinnig in, jaag langs die beestrop af, keer die flanke om en begin saam met hulle makkers die trop in ’n noordwestelike rigting dryf sodat ’n groot stofdamp in die leegte afdryf.

Op die wakis van die veerwa het Ansie du Plessis die skote gehoor. Sy sien nou die groot trop wegstorm in die verkeerde rigting...

***

Dit is kort voor sononder dieselfde dag toe ’n ruiter op ’n groot swart hings in die een straatjie van Kameeldraai opgery kom.

Kameeldraai is in rep en roer. Dit wemel van boere. Op die klein plein voor die hotelletjie staan bokwaens uitgespan, spaaiders en veerwaens. Orals is perde vasgemaak.

Die lang kêrel kom klim voor die hotel af, maak sy perd vas en stap binne. Daar gaan dit soos ’n byenes. Mans

praat opgewonde en beduie met die hande, maar toe hy binnegestap kom, is daar meteens stilte.
“Ryk Schoonraad,” roep ’n paar van die kêrels hardop uit, “jy het net op die regte oomblik hier aangekom!”
“Wat is hier gaande?” vra die lang man met die donker kop en die blou oë. “Dit lyk amper soos nagmaal.”
“Nagmaal! ” roep een van die manne uit. “Jy kan eerder sê dit is oorlog.”
“Oorlog?” vra hy rustig.
“Ja,” sê ’n paar tegelyk. “Hier is oorlog in die land. ’n Klomp rampokkers het vanoggend vir Helm du Plessis van Kameelplaas doodgeskiet. Sy dogter het verskrik en alleen hier aangejaag gekom. Hulle het sy hele trop osse weggedryf.”
“Wat praat julle nou,” sê Ryk Schoonraad verbaas.
“Maar hoe is jy dan soos ’n Fillistyn in Jerusalem,” vra ’n ou oom. “Het jy dan nog nie gehoor wat hier aan die gang is nie?”
“Ek was meer as ’n maand weg Kimberley toe,” antwoord Ryk. “Ek kom nou eers terug.”
“Ons beeste is besig om weg te raak op ’n ongelooflike skaal,” sê ’n jong boer. “Jan van Wyk het veertig verloor. Koen Redelinghuys in die dertig. Lang Piet Botha in die vyftig. Hier is omtrent nie ’n boer in die omgewing van Kameeldraai wat nie beeste verloor het nie.”
Ryk gaan leun teen die drinkbank.
“En Helm du Plessis is doodgeskiet,” vra hy. “Maar dit is onmoontlik.”
“Nee, dit is nie onmoontlik nie,” sê iemand. “Die duiwel is hier los. Nou weet ons dat dit georganiseerde diefstalle

is, anders sou Helm du Plessis nie doodgeskiet gewees het nie."

"Wie kan dit wees?" vra Ryk.

"Dit is wat ons graag wil weet," sê die een.

"Waar is die meisie?"

"Ek sal jou na haar toe neem," bied die hoteleienaar aan.

Ryk Schoonraad stap saam met die hoteleienaar in die gangetjie af. Toe hy die kamer binnetree waarheen die man hom geneem het, steek hy op die drumpel vas. Op 'n outydse bed sit 'n blonde meisie, een van die mooistes aan die voorgrens. Haar oë is dik en rooi gehuil en sy verkeer klaarblyklik in 'n toestand van skok. Die vrou van die hoteleienaar is besig om haar te troos. Toe sy opkyk, besef Ryk Schoonraad dadelik dat hy haar al iewers gesien het. Hy draai na die vrou en die hoteleienaar. "As julle nie omgee nie," sê Ryk, "sal ek graag 'n paar oomblikke alleen by Mej. Du Plessis deurbring." Hulle stap uit en hy druk die kamerdeur toe sodat hy en die meisie alleen is.

# Hoofstuk 2
## “Nou soek jy jou Dood!”

Ryk Schoonraad stap stadig na die meisie toe en kom voor haar staan. “U is Mej. Ansie du Plessis, nie waar nie?”

“Ja,” antwoord sy deur haar trane en kyk enigsins verbaas na die groot en indrukwekkende jong man wat lyk asof hy alles kan breek, asof hy alles onderstebo kan loop.

“Ek was besonder jammer om te hoor van die ongeluk wat u getref het,” sê Ryk. “Ek het u vader nie te goed geken nie, maar sy dood is vir ons almal ’n groot skok en wat met hom gebeur het, vul ons almal met afsku.”

“Jy is Ryk Schoonraad, nie waar nie,” vra die meisie bewerig en Ryk kan sien dat die skok van haar vader se dood haar baie diep getref het.

“Dit is reg, ja. Ek het gekom om te hoor of ek u nie miskien kan help nie?”

“Waarmee kan jy my help? Vader is vermoor en dit is al wat vir my van belang is.”

“Stel u nie daarin belang dat u vader se moordenaars aan die man gebring word nie? Sou u nie verkies dat hulle na behore gestraf word nie? Wat van al daardie beeste? Hulle was tog u oorlede vader se besitting. Wil u daarmee tevrede wees dat hulle sommer weggedryf word?”

Sy kyk verdrietig na hom op en probeer selfs glimlag. “Ek is jammer,” sê Ansie, “maar ek is so verward en so verskrik dat ek partykeer nie eers weet wat ek sê nie. Ja...natuurlik... ek verkies dit dat vader se moordenaars gevang en aan die gereg oorgelewer word. En sy beeste... dink jy dit is moontlik om sy beeste terug te kry?”

“Ek dink so. Ons kan in elk geval probeer, nie waar nie?” sê Ryk. “Dit sou ’n ontsettende skande wees as ons toelaat dat ’n man soos Helm du Plessis koelbloedig deur ’n klomp rampokkers gedood word en dat sy beeste weggevoer word en ons doen niks daaraan nie. Hierdie is nie die enigste geval nie. Ek het so pas by ’n paar boere hieronder verneem dat heelwat beeste in die afgelope tyd in hierdie omgewing gesteel is. Dit lyk dus na ’n georganiseerde strooptog. Daar moet ’n einde aan gemaak word en hoe gouer hoe beter.”

Sy twee blou oë skitter van vasberadenheid. Hy klem sy sterk kake opmekaar en toe kom hy voor haar hurk.

“Mej. Du Plessis, ek is jammer om in hierdie omstandighede met u te gesels, maar ek het gewonder of u my nie kan vertel presies wat plaasgevind het nie.”

“Ek sal dit met die grootste plesier vertel,” sê Ansie. Sy vertel hom haarfyn hoedat sy die groot trop met die veerwa gevolg het. Sy het gesien hoedat die beeste omgekeer word en in ’n ander rigting gedryf word. Sy het ook gesien hoedat twee ruiters na haar vader toe gaan en kort daarna het sy die skote gehoor. Toe die eerste skoot val het sy gesien hoedat haar vader se perd ruiterloos weghardloop. Daarna moes sy aanskou hoe die twee volk doodgeskiet word.

“Gelukkig het ek my perd by die veerwa gehad,” sê Ansie. “Ek wou eers na my vader toe jaag, maar toe het ek besef dat dit miskien nie raadsaam sou wees nie. Hulle wat hom geskiet het, het hulle nie juis aan my gesteur nie. Nadat hulle die twee volk doodgeskiet het, het hulle eenvoudig die trop gevolg en die beeste in ’n noordwestelike rigting

help wegdryf. Ek het gewag totdat hulle ’n ent gevorder het, toe het ek gery tot by my vader.” Sy breek meteens af en gaan hartstogtelik aan die snik.
Ryk kom sit langs haar op die bed en skuif sy arm om haar skouers.
“Toe nou maar,” sê hy vir haar, “u moet in hierdie omstandighede probeer sterk wees. Dis vir u ’n groot skok, maar alles wat u kan vertel kan daartoe bydra dat ons hierdie rampokkers in die hande kry. Kan jy nie aan my ’n beskrywing gee nie? My vertel hoe hulle lyk nie?”
“Dit kan ek nie doen nie,” antwoord sy en skud haar kop. “Hulle was te ver. Ek kon hulle nie mooi sien nie. Dit was ’n verskriklike gesig. My vader, so groot en sterk wat daar doodlê tussen die vaalbos. Wat...wat het hulle besiel om dit te doen,” roep sy uit. “Hy het niemand leed aangedoen nie.”
“Dit is heeltemal duidelik,” sê Ryk. “Uit wat jy my vertel het, dat hulle gekom het om u vader se beeste te roof. Hy het natuurlik geweier om sy diere aan hulle af te gee en daarom het hulle hom koelbloedig doodgeskiet. Dit is eenvoudig fantasties dat so iets hier kan gebeur. In elk geval, Mej. Du Plessis, ek gaan alles aan die werk stel om u beeste terug te bring en om die moordenaars van u vader in die hande te kry. Ek sê nie ek sal slaag nie, maar ek sal alles in my vermoë doen om dit reg te kry.”
“Gaan jy alleen?” vra sy.
Hy knik beskeie.
“Ek dink dit sal beter wees,” antwoord Ryk. “In omstandighede soos hierdie kan een man alleen veel meer uitvoer as ’n klompie kêrels. Daardie rampokkers sal

verwag dat ’n aantal ruiters hulle gaan agtervolg, want hulle het hier links en regs gesteel. Hulle sal egter nie verwag dat hulle net deur een ruiter agtervolg sal word nie. Buitendien, ek verkies om alleen op te tree, dan kan ’n mens maak soos jy wil en dan is daar nie ander by jou wat op die verkeerde oomblikke ernstige flaters kan begaan nie. Ek groet u, Juffrou. Ek hoop u sal in hierdie omstandighede krag hê om hierdie beproewing die hoof te bied. Ek is seker dat u vader sal verwag dat u u hoof hoog moet hou.”

Hy kyk na haar pragtige blonde hare, in twee dik vlegsels saamgevat, na haar sagte kinderlike blou oë en haar gevoelige mond. Sy is ’n pragtige mens. ’n Meisie van die veld. Sag en teer en tog ook sterk en doelbewus. Haar vel is heuningbruin en vorm ’n skerp kontras met haar pragtige oë.

“Ek wens jou alle sukses toe,” sê Ansie. “Dit spyt my dat ek so oorstelp is. Maar ek is seker jy sal verstaan.”

“Ek verstaan volkome,” antwoord Ryk. “Ek sal u aanraai om voorlopig maar hier op die dorp te bly, Juffrou. ’n Mens kan nie weet wat daardie rampokkers nog sal aanvang nie.”

Ryk stap na die deur en daar draai hy om.

“Nog net een vragie, Juffrou. Ek weet nou nie of u so opgelet het nie, maar weet u miskien hoeveel ruiters daar by die trop was?”

“Ja,” antwoord sy en sy lyk nou kalmer. “Ek het hulle getel. Daar is tien stuks. Sover ek op ’n afstand kon sien, was hulle almal gewapen.”

Ryk betrap homself dat hy na die meisie staar. Daar is iets in haar oë wat vir hom vreemd is. Dit lyk skielik asof die verdriet uit haar weg is en asof 'n onverklaarbare innerlike krag van haar besit geneem het. Haar oë het byna verhelder. En haar gesig wat 'n oomblik gelede nog so bleek was, het nou weer bietjie kleur terug. Dit lyk asof sy iets aan Ryk wil sê, maar sy bring dit nie tot woorde nie.

"Baie dankie vir die inligting," sê hy. "Dan groet ek u nou eers en ek wens u alles van die beste toe."

Sy staan vinnig van die bed af op.

"Dankie vir wat jy vir my doen," sê sy. "Ek waardeer dit baie."

"Ek hoop net ek sal slaag," sê hy en toe stap hy uit.

Onder in die kroeg van die klein hotelletjie is dit nog die ene bedrywigheid. Nog meer boere het by gekom en hulle praat aanhoudend en opgewonde oor die weersinwekkende voorval wat hier in die omgewing van die rustige Kameeldraai plaasgevind het.

Maar toe Ryk sy verskyning maak, raak hulle meteens almal stil. Hulle kom tros hier om hom. Hulle sien na hom op, want almal soek altyd raad by hierdie groot wakker boer, wat daarvan hou om knope hier aan die grens deur te hak. Hy is die man wat altyd gevaar trotseer om reg te laat geskied. Daarom dat hulle so na hom opsien en altyd verwag dat hy 'n oplossing sal hê.

"Ek het met die meisie gepraat," sê Ryk. "Sy is in 'n toestand van skok, maar sy het my taamlik sekuur vertel wat daar gebeur het. Hierdie lyk na 'n geval van koelbloedige moord en roof. Hulle dryf die beeste